
# SKAKEL

Gereformeerde kerk **Magol**



"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

***DATUM:*** *10 November 2024*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Bystandsfonds vir Diakonie
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Emeritaatsversorging
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Diensbeurte

**Vandag:** Wetltevrede & Wbh

**Volgende week:** Ell.03, Ell. 04 & Ell. 05

## Skinkbeurte

**Sondag 10 November:**
**<u>Weltevrede</u>**
Amanda Strydom, Susan du Plessis, Sorien Pretorius, Maretha Kruger, Lenel du Plessis, Miemie de Beer & Corrie Elmes.
**<u>Wonderboomhoek</u>**
Isabel Snyman, Luzaan van Rooyen, Miems Erasmus, Daleen du Plooy, Annetjie Pelser & Carina Elmes.

## Verjaarsdae... vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 10de | Hannes Kruger | Wtvde |
| 11de | Susan Haasbroek | Ell. 03 |
| | Lenel du Plessis | Wtvde |
| 12de | Jodan Nel | Ow. 04 |
| | Marina Viljoen | Ow. 06/07 |
| 13de | Alta Jordaan | Ow. 16 |
| 14de | Kayla du Plessis | Ow. 14 |
| | Johan Steyn | Ow. 02 |
| 15de | Tokkie de Beer | Ow. 18 |
| 16de | Dalize du Plessis | Ow. 18 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

## Lief & leed... waarvan ons weet

* Nellie Wagener (Ow. 04) sterk tans in Hazeldean Intercre aan na 'n operasie. Sy word spoedige herstel en beterskap toegebid.
* Baie geluk ook aan die volgende jongmense wat vandag belydenis van geloof aflê:
  Elane Erasmus
  Rico Geyer
  Sare Nel
  Andre Wagener

# *Preekvoorligting Sondag 10 November 2024*

***__Sing:__*** *Ps. 145:1,2,3; Ps. 145:8; Ps. 102:1,8; Ps. 9:1,5,7; Ps. 100:1-4; Belydenis van geloof; Ps. 134:4.*

***__Lees:__*** *Rom. 10:1-21*

***__Teks:__*** *Rom. 10:9*

***__Tema:__* Ons glo en bely die eenvoudige evangelie dat Christus die dood oorwin het**

## *Die inhoud van ons belydenis*

*In die brief aan die Romeine is Paulus besig om die rykdom van die evangelie aan hierdie gemeente uiteen te sit. Dit is belangrik dat hy ook beklemtoon dat die heidene en Israel nie op verskillende maniere gered word nie. Israel het wel die wet ontvang en is die verbondsvolk van die Here, maar daar is ook alleen deur die verdienste van Christus vir hulle redding. Die Here se kinders kry alleen deur die geloof deel aan hierdie saligheid.*

## *Die roeping van ons belydenis*

*Die kinders van die Here wat die eenvoudige goeie nuus van die evangelie met die hart glo, sal dit ook met die mond bely. Hierdie belydenis is 'n getuienis van dit wat Christus aan die kruis gedoen het en die prys wat Hy betaal het. Hierdie belydenis van ons word voortgebring deur die bediening van die Woord wat ons elke Sondag hoor. Die Here stuur die predikers en gee die gawes sodat ons in die geloof kan groei en met sekerheid Christus kan bely.*

## *Die gevolg van ons belydenis*

*Die gevolg van ons geloof en belydenis is vir ons tot redding. Ons moet verstaan dat dit nie ons geloof is wat ons red nie, maar Christus wat aan die kruis gesterf het en uit die dood opgestaan het. Deur die geloof kry ons daaraan deel en met ons belydenis getuig ons daarvan in dankbaarheid. Hier word ook 'n dringende waarskuwing gerig, want Israel het te midde van die verkondiging wat hulle gehoor het, nie ag gegee op die evangelie nie en eindelik Christus verwerp.*